HOOPSTAD TENNISKLUB

Die tennisafdeling van Hoopstad Buiteklub is gestig op 3 Maart 1971 met 65 lede verteenwoordig op die stigtingsvergadering. Dr Hentie Lock is gekies as voorsitter met Koos van Zyl as ondervoorsitter. Addisionele lede was Nico Coetzer, Piet de Wet en Joan Horwitz. Ria Botha is as sekretaresse verkies en beklee die pos vir 14 jaar. Twee bane is gebou op die perseel van die buiteklub asook ‘n tennishuisie. Die jaarlikse tennisfooi het R10,50 beloop.

In Mei 1972 word die bane op luisterryke wyse ingewy. ‘n Vertoonwedstryd is gereël tussen Greta Delport en Pat Pretorius, albei Springbokke wat lede was van die span wat die Federasie Beker teen Engeland in dieselfde jaar gewen het. Sitplekke is om die bane gebou met sleepwaens, mieliesakke en lusernballe. Drie skape is gebraai!

In Maart 1975 word daar besluit om in te skryf in die Goudveld Liga. Vier spanne is ingeskryf. Die eerste mansspan het kort daarna die eerste liga in die Goudveld gewen. Twee nuwe bane word gebou.

In 1984 smelt die Buiteklub en die Dorpsklub saam. Agt bane is toe beskikbaar.

‘n Bydrae tot Vrystaat tennis is gelewer deur spelers soos Nico Coetzer, wat vir bykans 14 jaar die Vrystaat verteenwoordig het en ook die Vrystaat Geslote Kampioenskap in 1969 gewen het. Die klub het belowende junior spelers toegelaat en Amanda Coetzer het, as lid van die klub, op 13 jarige ouderdom die Vrystaat Senior Kampioenskap gewen . In 1997 het sy tot nr 3 op die wêreldranglys gevorder. Verskeie ander juniors het Noordwes Vrystaat juniors en Vrystaat juniors verteenwoordig . Verskeie lede verteenwoordig ook die Vrystaat in verskillende veterane ouderdomsgroepe.

Onder aanvoering van Rudi van Vuuren word die Hoopstad Veterane Toernooi sedert 2002 aangebied. Die Amanda Coetzerdag word ook jaarliks gehou en spelers van oor die hele Vrystaat kom om deel te neem.

Saamgestel deur: Nico en Suska Coetzer